Lesing 20.10.2018 - Lesing 27 - Diep innerlike waarhede vanuit die Gilgal Klipwiel

# JOHANNES_10:30 EK EN DIE VADER IS EEN.

Die Eerste sendbrief van Johannes

1 Johannes 4

1Jn 4:1 GELIEFDES, glo nie elke gees nie, maar stel **die geeste op die proef of hulle uit Elohim is**, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.

1Jn 4:2 Hieraan ken julle die **Gees van die Elohim**: **elke gees wat bely dat JaHWèshua die Gesalfde in die Vlees gekom het, is uit Elohim;**

1Jn 4:3 en elke gees wat nie bely dat JaHWèshua die Gesalfde in die Vlees gekom het nie, **is nie uit Elohim nie**; en sy is die **gees van die vals gesalfde** waarvan julle gehoor het dat sy kom, en sy is nou al in die wêreld.

1Jn 4:4 Julle is uit Elohim, my kinders, en het hulle oorwin, omdat **Sy wat in julle is, groter is** as sy wat in die wêreld is.

1Jn 4:5 Hulle is uit die wêreld; daarom praat hulle uit die wêreld, en die wêreld luister na hulle.

1Jn 4:6 Ons is uit Elohim; **hy wat Elohim ken, luister na ons**; hy wat nie uit Elohim is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die **Gees van Waarheid** en die <u>**gees van die dwaling**</u>.

1Jn 4:7 GELIEFDES, laat ons mekaar liefhê; want die Liefde is uit Elohim, en **elkeen wat liefhet, is uit Elohim gebore en ken Elohim**.

1Jn 4:8 Hy wat nie liefhet nie, het Elohim nie geken nie, **want Elohim is Liefde**.

1Jn 4:9 Hierin is die **Liefde tot ons geopenbaar**, dat Elohim SY eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.

1Jn 4:10 Hierin is die Liefde: nie dat ons Elohim liefgehad het nie, maar **dat HY ons liefgehad het en SY Seun gestuur** het as 'n versoening vir ons oortredinge.

1Jn 4:11 Geliefdes, as die Elohim ons so liefgehad het, behoort ons ook **mekaar lief te hê**.

1Jn 4:12 Niemand het Elohim ooit aanskou nie. **As ons mekaar liefhet, bly Elohim in ons en het Sy Liefde ons vervolmaak.**

1Jn 4:13 Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, **dat Hy ons van Sy Gees gegee het**.

1Jn 4:14 En ons het aanskou en ons getuig dat die VADER die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het.

1Jn 4:15 Elkeen wat bely dat **JaHWèshua die Seun van Elohim is - Elohim bly in hom, en hy in Elohim**.

1Jn 4:16 En ons het die Liefde wat Elohim tot ons het, leer ken en geglo. Elohim is Liefde; en hy wat in die Liefde bly, bly in Elohim, en Elohim in hom.

1Jn 4:17 Hierin het die Liefde ons vervolmaak, dat ons moed kan hê vir die oordeelsdag; want soos HY is, is ons ook in hierdie wêreld.

1Jn 4:18 Daar is **geen vrees** in die Liefde nie; maar die volmaakte Liefde dryf die vrees buite, want die **vrees sluit straf in**, en hy wat vrees, is nie vervolmaak deur die Liefde nie.

1Jn 4:19 Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het. [Openbaring 1:5]

1Jn 4:20 As iemand sê: **Ek het Elohim lief - en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy Elohim liefhê wat hy nie gesien het nie?**

1Jn 4:21 En hierdie Gebod het ons van Hom dat hy wat Elohim liefhet, **ook sy broeder moet liefhê**.

1 Johannes 5

1Jn 5:1 ELKEEN wat glo dat JaHWèshua die Gesalfde is, **is uit Elohim gebore**; en elkeen wat die VADER liefhet, het ook die een lief wat uit HOM gebore is.

1Jn 5:2 Hieraan weet ons dat ons die kinders van Elohim liefhet: wanneer ons Elohim liefhet en **SY Gebooie onderhou.**

1Jn 5:3 Want sy is die Liefde tot Elohim as ons SY Gebooie onderhou; en SY Gebooie is nie swaar nie.

1Jn 5:4 Want alles wat uit Elohim gebore is, oorwin die wêreld; en Sy is die Oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons Geloof.

1Jn 5:5 Wie anders is hy wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat JaHWèshua die Seun van die Elohim is?

1Jn 5:6 Dit is Hy wat deur **Water en Bloed** gekom het, JaHWèshua die Gesalfde; nie deur die Water alleen nie, maar deur die Water en die Bloed; en Sy is die Gees wat getuig, want dié Gees is die Waarheid.

1Jn 5:7 Want daar is drie wat getuig (Die uitgelate gedeelte kom nie in die oudste manuskripte voor nie naamlik: Codex Siniaticus, Vaticanus, Alexandrinus)

*(1Jn 5:7 Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een;)*

1Jn 5:8 **die Gees en die Water en die Bloed**, en die drie is eenstemmig.

1Jn 5:9 As ons die getuienis van die mense aanneem -

die Getuienis van Elohim is groter, omdat Sy die Getuienis is van Elohim wat HY aangaande SY Seun getuig het.

1Jn 5:10 Wie in die Seun van die Elohim glo, het dié Getuienis in homself. Hy wat die Elohim nie glo nie, het HOM tot leuenaar gemaak, omdat hy die Getuienis nie geglo het wat Elohim aangaande SY Seun getuig het nie.

1Jn 5:11 En Sy is die Getuienis: dat Elohim ons die Ewige Lewe gegee het, en dié Lewe is in SY Seun.

1Jn 5:12 Hy wat die Seun het, het dié Lewe; **wie die Seun van die Elohim nie het nie, het nie dié Lewe nie.**

1Jn 5:13 Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die **Naam van die Seun van Elohim**, sodat julle kan weet dat julle die Ewige Lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van die Elohim.

1Jn 5:14 En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor HOM het, dat HY ons verhoor as ons iets vra volgens SY wil.

1Jn 5:15 En as ons weet dat HY ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van HOM gevra het.

1Jn 5:16 As iemand sy broeder 'n oortreding sien doen wat nie tot die dood is nie, moet hy bid, en Hy sal hom die lewe gee - vir die wat nie 'n oortreding tot die dood doen nie. Daar is ‘n oortreding tot die dood; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie.

1Jn 5:17 Alle Ongeregtigheid is oortredinge, en daar is ‘n oortreding wat nie tot die dood is nie.

1Jn 5:18 **Ons weet dat elkeen wat uit Elohim gebore is, nie oortree nie; maar hy wat uit Elohim gebore is, bewaar homself**, en die besoedeling het geen vat op hom nie.

1Jn 5:19 Ons weet dat ons uit Elohim is en die hele wêreld in die mag van die besoedeling lê.

1Jn 5:20 En ons weet dat die Seun van die Elohim gekom het en ons Verstand gegee het om die Ware te ken; en ons is **in die Waarheid, in SY Seun, JaHWèshua die Gesalfde**. Hy is die Ware Elohey en die Ewige Lewe.

1Jn 5:21 My kinders, bewaar julleself van die idole. Amein.

GJE Boek 10 - HFS 242

Ek (**JaHshua**) sê: “My beste vriend, wat die **wêreldse denkwyse** van die mense betref, het jy volkome gelyk, maar wat die **geestelike** betref absoluut nie; want vir die gees is daar maar één enkele waarheid, en dit is: **Om die een, ware Elohim te ken, Hom bo alles lief te hê en sy naaste soos homself**. Dit is beter as alle kennis van die aarde, en daarvoor is `n menselewe altyd lank en goed genoeg.

[2] Wie in hierdie een waarheid ingewy word deur die **gees van liefde in sy hart vanuit Elohim**, sal ook binne `n baie kort tyd **meer wysheid en kennis in homself besit** as alle boekeversamelings op die hele aarde, waarvoor Ek kan instaan.